



## Niks nuut onder die son?

Daar word onder sommiges beweer dat:

- sH ampsdraers en lidmate **verkeerdelik** verwys na 'n **langdurige stryd en ontevredenheid met die dosente.**
- die stryd 'n verdigsel is om sogenaamde politieke oorwegings te verdoesel.
- die KommAKV en die Moderamen altyd deursigtig en onpartydig optree en opgetree het.
- daar **nog nooit klagtes was teen 'n dosent nie**, wat nog te praat van die dosente.

Die Skietlood het die volgende brief van wyle dr Johan Steenkamp ontdek. Die brief is vier jaar gelede op 10 Julie 2009 gestuur. Hierdie is 'n lang brief, maar die feite spreek vanself. Na aanleiding van die brief stel die Skietlood gewoon 'n paar vrae:

1. Hoeveel sodanige briewe is daar nog in die argiewe? Ons is in besit van 'n hele versameling!
2. Hoe lank al word die Kerkorde deur die KommAKV "gebuig"?
3. Hoe onpartydig is die KommAKV?
4. Hoe bevoeg is die Raad vir Regsadvies?
5. Hoeveel besluite en verslae van die Raad vir Regsadvies is met konsensus uitgebring en oor hoeveel sake was daar 'n meerderheids- en 'n minderheidsverslag?"
6. Hoeveel **waninformatie** word die kerk ingestuur?

### **Klag teen vyf dosente oor hul verklaring in Beeld 13 Maart 2009**

Tesame met di FH van der Merwe en PJ van der Merwe het ek klagtes ingedien teen prof J Buitendag (29 Mei 2009), prof E van Eck (1 Junie 2009) en proff JA Loader, Y Dreyer en AG van Aarde (2

Junie 2009) oor hulle verklaring "Apartheid in Kerk en in Politiek" in Beeld van 13 Maart 2009. Ons het die klagtes ingedien met verbygaan van die opsig omdat ons van mening was dat dit in die onderhawige geval geregverdig was soos ons in die onderskeie klagtes gemotiveer het (Sien Aanhangsel A). Opsig het immers net sin indien die doel van opsig bereik kan word. In die onderhawige geval het ons wat die oortredings betref, reeds te doen gehad met gedane sake en kon nog slegs die weg van 'n klag volg.

Die voorsitter en skriba van die Komm AKV het egter geoordeel ( nadat regsadvies ingewin is) dat ons eers 'n opsiggesprek met die vyf dosente moes voer en het ons klagtes na ons terug verwys (Sien Aanhangsel B). Ons was van 'n ander opinie, maar het nogtans onderneem om die opsiggesprek met die persone te voer. Ondertussen het ds P Buitendag en oudl CCJ Bester van Volksrust hulle by ons aangesluit as persone wat ook aan die opsiggesprek wil deelneem. Die voorsitter en die skriba van die Komm AKV het die geriewe van die kerkkantoor aangebied vir die gesprek. Ons het die dosente opgeroep vir 'n opsiggesprek en aan hulle die keuse gegee om ons enige dag en enige tyd gedurende die week van 22 – 27 Junie 2009 te ontmoet (Sien Aanhangsel C). Hierdie oproep was per hand afgelewer by die teologiese fakulteit aan UP. Daar was dus ses dae met minstens 18 uur elk vir hulle beskikbaar om ons te ontmoet wat regtig uiters tegemoetkomend was as in aanmerking geneem word dat ons van Warmbad, Zoutpansberg, Volksrust en Pretoria moes kom op eie tyd en koste. Ons het behoorlik agteroor gebuig om hulle tegemoet te kom.

Met prof Loader het ons gereël om 'n telefoonkonferensie te hou op 22 Junie 2009 vanuit die kerkkantoor aangesien hy in Wene, Oostenryk woon en werk. Hy het geantwoord dat hy verstaan het dat daar nie geriewe was in die kerkkantoor vir so 'n gesprek nie, maar het voorgestel dat ons met hom 'n gesprek voer op 11 of 12 Augustus 2009 wanneer hy weer in SA sal wees (Sien Aanhangsel D).

Prof Buitendag het geantwoord dat hy met ons sou praat, maar dat hy in die bepaalde tyd in die buiteland sou wees en eers einde Julie beskikbaar sou wees. Prof Van Aarde het geantwoord dat hy in die bepaalde week vir 'n kongres in Stellenbosch sou wees en eers weer op 29 Junie 2009 op kantoor sou wees. Prof Dreyer het geantwoord dat sy ook vir 'n kongres in Stellenbosch sou wees en daarna vir 'n week met verlof in die Kaap sou wees. Sy sou eers weer op 6 Julie 2009 beskikbaar wees. Sy het ons ook uitgenooi om die gesprek in Johannesburg in teenwoordigheid van die voorsitter van haar ouderlingvergadering asook ander lede van haar "geloofs familie" te voer (Sien Aanhangsel E).

Prof Van Eck was, soos ons verstaan het, nie in SA toe ons die oproep gestuur het nie en het gevolglik nie dadelik geantwoord nie. Op Sondag 21 Junie 2009 het ondergetekende hom telefonies geskakel en gevra wat sy antwoord was. Hy het homself verskoon deur te sê dat sy kollegas nie hier was nie en dat hy eers wou wag tot hulle teenwoordig was voordat hy met ons sou praat. Ek het aan hom gestel dat ons met hom alleen wou praat en dat hy my die volgende dag, Maandag 22 Junie 2009 moes skakel sodat ons 'n afspraak in die bepaalde week kon maak, aangesien die ander klaers ook hulle sake moes reël. Ek het dit aan hom gestel dat ons ook met sy kollegas apart sou praat. Die volgende oggend het hy my telefonies geskakel en homself verskoon deur te sê

dat, aangesien dit 'n opsiggesprek was, hy slegs met ons sou praat in die teenwoordigheid van lede van sy ouderlingvergadering. Maar aangesien hulle op 'n fietstoer was, kon hy nie met ons in die bepaalde week praat nie en het gesê dat die gesprek eers na die reses van die universiteit, dit wil sê vanaf 13 Julie, kon plaasvind. Hy was baie stellig daarvoor. Hierna het 'n e-pos korrespondensie gevolg oor 'n volgende datum met verwysings van beide kante ter wille van die rekord (Sien Aanhangsel F). Dit was vir ons duidelik dat prof Van Eck die gesprek wou uitstel met verskonings totdat sy kollegas weer teenwoordig was.

Na hierdie mislukte poging om 'n opsiggesprek met die betrokkenes te voer, het ons hulle opgeroep vir 'n gesprek op 11 Augustus 2009, 'n dag waarop prof Loader ook teenwoordig sou kon wees en wat ook tegemoetkomend sou wees vir diegene van ons wat van Zoutpansberg, Volksrust en Warmbad moes kom (Sien Aanhangsel G).

Hierdie tweede oproep was op 25 Junie 2009 aan die betrokkenes per e-pos gestuur na die e-posadres wat hulle in hulle verklaring beskikbaar gestel het, dit wil sê meer as ses weke voor die bepaalde dag. Die datum is gekies omdat prof Loader uit Wene, Oostenryk ook teenwoordig kan wees. Dit is tegemoetkomend teenoor hom, teenoor die klaers wat van ver af kom, maar ook teenoor diegene in Pretoria wat dan teenwoordig kan wees. 'n Mens kan beswaarlik méér tegemoetkomend wees. In die oproep het ons 'n tydskedule aangebied sodat ons met elkeen van die dosente apart vir 'n uur lank kan praat. (Die Kommissie het in sy skrywe aan ons die keuse gelaat om met die dosente gesamentlik of afsonderlik te praat). Ons wou om drie redes met hulle elkeen apart praat: Eerstens is dit die voorskrif in Matt 18;15 : "As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy

na jou luister, het jy jou broer teruggewen". Dit is immers die sin van opsig, naamlik om "...deur middel van gesprekke tussen gelowiges oor leer en lewe met die oog op die behoud van die regte geloof en lewenswandel" opsig uit te oefen (Ordinansie 8.1.1). Of ook soos dit gestel word in Ordinansie 8.1.2: "Opsig word uitgeoefen deurdat raadgewend, waarskuwend, tereg wysend of bestraffend in liefde gesprek gevoer word..." en in die onderhawige geval "...tussen ampsdraer en ampsdraer...". Tweedens kan niemand vir iemand anders bely nie. Derdens verskil die klagtes van mekaar sodat met elke persoon oor afsonderlike sake gepraat gaan word.

Op hierdie oproep het prof Van Eck geantwoord dat hy volgens die skedule met ons sal praat. Prof Buitendag is na ons beste wete nog steeds in die buiteland en het daarom nog nie geantwoord nie. Prof Dreyer is seker nog met verlof en ons aanvaar dat sy daarom nog nie geantwoord het nie. Ons het nog nie 'n antwoord van prof Loader ontvang nie, maar gesien in die lig dat hy die datum van 11 Augustus aangebied het, aanvaar ons dat hy dit so in orde sal vind.

Prof Van Aarde het egter 'n e-pos per selfoon gestuur waarin hy sekere vereistes gestel het vir die gesprek (Sien Aanhangsel H). Ons het hom saaklik geantwoord op wat hy gevra het (Sien Aanhangsel I). Hy was nie daarmee tevrede nie en het weer 'n e-pos gestuur waarin hy verdere vereistes gestel het (Sien Aanhangsel J). Ons het hom weer per e-pos geantwoord (Sien Aanhangsel K).

Ondertussen het ons op 10 Julie 2009 'n e-pos van die Moderamen ontvang waarin die Moderamen aan ons die volgende gestel het:

*Die dosente wat deur u opgeroep is vir 'n gesprek onder die opsig, het die wyse waarop u te werk wil gaan afsonderlik*

*met elkeen 'n opsiggesprek te voer, onder die aandag van die Moderamen gebring. Hulle is nie tevrede met die wyse waarop u dit hanteer nie.*

*Die Moderamen verwys na die brief van die Kommissie aan u gedateer 3 Junie 2009 waarin onder meer gestel word dat die klagskrifte wat deur u teen die betrokke dosente ingedien is, eers teruggehou word en u as klaers versoek word om met die dosente 'n opsiggesprek te voer.*

*Die Moderamen oordeel dat die pad van die opsiggesprek by 'n broederlike gesprek begin. Dit was ook die bedoeling van die Kommissie in sy skrywe aan u. Getuienis wat tydens so 'n broederlike gesprek gelewer word, mag ook nie later in 'n moontlike tugsak gebruik word nie. Die broederlike gesprek geskied dus met voorbehoud van regte.*

*In 'n poging om die saak op 'n ordelike, kerklike en Christelike wyse te besleg, het die Moderamen prof TFJ Dreyer versoek om die broederlike gesprek waarby u en die broeders wat saam met u die klagtes ingedien het met die dosente te fasiliteer op 11 Augustus om 14:00 in die Raadsaal, Dirk van der Hoffgebou, Pretoria soos dit reeds deur u beplan is.*

*Indien die broederlike gesprek nie slaag nie, kan daar oorgegaan word tot gesprekke onder die opsig volgens die Kerkorde. U kan dan ook indien u dit verkies, met elkeen individueel gesprek voer.*

*Die Moderamen vertrou dat u die werkwyse sal aanvaar sodat wending aan die saak gegee kan word.*

*Met agting*

*Die uwe*

### **HIERMEE VRA ONS NOU ADVIES VAN U, DIE RAAD VIR REGSADVIES:**

1. Ons het die Komm AKV se oordeel aanvaar dat ons eers 'n opsiggesprek met die aangeklaagdes moet voer hoewel ons nie met dié oordeel saamgestem het nie. Ons het onderneem om presies te doen wat die Komm AKV vir ons gestel het.

2. Ons het die gesprek aangebied met ruim voorsiening van 22 Junie tot 27 Junie op enige tyd wat vir die dosente

geleë was, ten koste van ons eie tyd, gerief en finansies.

3. Dit was vir die dosente nie aanvaarbaar nie, om redes wat vir ons begryplik was, behalwe in die geval van prof Van Eck.

4. Ons het die volgende datum gereël, meer as ses weke later en in ooreenstemming met die datum wat prof Loader uit Oostenryk aangebied het. Hy is dan hier, maar sal nie weer later hier wees nie.

5. Nou stuur die Moderamen aan ons die bogemelde brief wat stel dat die dosente nie tevrede is met die wyse waarop ons die saak hanteer nie. Die Moderamen roep ons vervolgens op vir 'n "broederlike gesprek" met die dosente op die datum wat ons vir die opsiggesprek aangebied het.

**Ontleed 'n mens die brief van die Moderamen, moet die volgende opgemerk word:**

1 Die Moderamen het geen besluitnemingsbevoegdheid nie en kan dus nie 'n beslissing van die Komm AKV ongedaan maak of verander nie.

2 By navraag het dit geblyk dat prof Van Eck lid was van die Moderamen wat hierdie besluit geneem het en die brief aan ons gestuur het. Ons maak ernstig daarteen beswaar. Dit is onaanvaarbaar. 'n Mens kan nie aangeklaagde én regter in jou eie saak wees nie. Die situasie vererger deurdat ons reeds in 'n brief aan die Komm AKV op 22 Junie 2009 die volgende gestel het:

*"Ons wil dit ook baie ernstig onder u aandag bring dat dit onaanvaarbaar sal wees indien prof Van Eck sal sitting neem op enige van die vergaderings (dit wil sê Komm AKV of Moderamen) waar oor hierdie saak teen hom of sy kollegas geoordeel moet word. Ons vertrou dat u streng die prosedures wat hierdie sake betref, sal handhaaf."*

Die Moderamen het hulle nie hieraan gesteur nie en prof Van Eck wel saam laat bespreek en besluit. Ons kan hieroor

nie anders oordeel nie, as dat die Moderamen willens en wetens sulke prosedurefoute maak dat dit ons saak verydel en dwarsboom.

Ons eis dat die Moderamen hierdie proses herhaal sonder die teenwoordigheid van prof Van Eck. Anders kom dit daarop neer dat die Moderamen die kerklike weg vir ons onmoontlik maak en ons dus dwing om op 'n ander wyse as die kerklike weg wat ons graag wil volg, maar waarin ons gedwarsboom word, na reg en regverdigheid te soek. Dit gaan immers nie net oor besluitnemingsbevoegdheid nie, maar ook oor opinievorming, want by navraag het dit geblyk dat ander lede van die Komm AKV wat later oor die saak moet oordeel ook die vergadering van die Moderamen bygewoon het.

3. Die Moderamen stel: *"Die Moderamen oordeel dat die pad van die opsiggesprek by 'n broederlike gesprek begin. Dit was ook die bedoeling van die Kommissie in sy skrywe aan u."* Waarop berus hierdie oordeel van die Moderamen? Ordinansie 8 bepaal die optrede onder die opsig. Daarvolgens is daar nie so iets soos 'n "broederlike gesprek" vooraf en daarna 'n opsiggesprek nie. Trouens, dit was ook die uitleg wat dieselfde prof Van Eck wat nou op die Moderamen gesit het, gegee het tydens 'n opsiggesprek met ondergetekende op 8 Maart 2007 (Sien Notule Komm AKV 7 en 8 Maart 2007 bl 78). Wat wel die geval is, is dat enige opsiggesprek in elk geval 'n broederlike gesprek is volgens Matt 18:15. Daarom ontbreek enige vermelding van "broederlike gesprek" in Ordinansie 8.

Die Moderamen probeer nou om 'n "broederlike gesprek" voorafgaande aan die opsiggesprek in te bou waarvoor daar geen bewysgrond in die Ordinansie bestaan nie. Ons beoordeel dit as 'n poging om ons saak te verydel en te dwarsboom. Verder beoordeel ons dit as ongeoorloofde partydigheid van die Moderamen ten gunste van die

aangeklaagdes en ten koste van ons saak.

4. Die Moderamen stel: “*Getuienis wat tydens so 'n broederlike gesprek gelewer word, mag ook nie later in 'n moontlike tugsaaak gebruik word nie.* Die broederlike gesprek geskied dus met voorbehoud van regte.” Waarop begrond die Moderamen hierdie bewering? Waar kom dit voor in enige Ordinansie of reglement? Wat is die sin van so 'n “broederlike gesprek” anders as om die saak van die klaers te verydel en te dwarsboom, want waaroor moet ons dan praat?

Weer eens: Word hierdie sonderlinge stelling van die Moderamen gehandhaaf, maak die Moderamen die kerklike weg vir ons onmoontlik en word ons gedwing om reg en regverdigheid op 'n ander wyse as die kerklike weg, wat ons graag wil volg, maar waarin ons gedwarsboom word, te soek. Ons sou graag die versoekskrif van die dosente wou sien waarin hulle beswaar aanteken teenoor die Moderamen oor die wyse waarop die saak hanteer is. Die saak moes tog op die Moderamen se agenda gekom het.

5. Ons het reeds hierbo uiteengesit waarom ons apart met die dosente wil praat. Die Moderamen stel bloot dat die dosente nie tevrede is met ons hantering van die saak om hulle apart te wil spreek nie. Moet ons dit bloot op grond van hulle ontevredenheid daarvoor aanvaar? Ons wil met hulle praat soos bepaal in Ordinansie 8.1.2 naamlik 'n gesprek tussen “...ampsdraer en ampsdraer...” ***Dit is ons oorwoë mening dat Ordinansie 8.1.3 ook op 8.1.2 van toepassing is naamlik dat die persoon(e) wat die opsig hou diegene is wat met of sonder advies die wyse bepaal waarop die opsiggesprek sal paasvind. As dit nie so geïnterpreteer word nie, hoe sal 'n ouderling of 'n predikant oor enige lidmaat kan opsig hou?*** Hoe sal aan die vereiste van Matt 18:15 voldoen kan word? Ons is van mening dat ons

uiteensetting hierbo volledig aan die vereistes van 'n ware opsiggesprek voldoen en dat ons daarom ten volle geregtig is om apart met elke persoon te praat.

Of wil die dosente met hulle aandrang om gesamentlik met ons te wil praat iets vir die Kerk sê?

Verder: na ons beste wete is prof Buitendag nog steeds in die buiteland. Hier ter plaatse het prof Van Eck reeds aangedui dat hy met ons sal praat soos geskeduleer vir 11 Augustus. So het prof Loader ook aangedui dat hy met ons sal praat op 11 Augustus – trouens, dit is op grond van sy aanbod dat ons dié datum gekies het. Van Prof Dreyer het ons nog nie weer 'n antwoord gehad nie, vermoedelik omdat sy nog met verlof is. Al gevolgtrekking waartoe ons dus kan kom, is ***dat dit slegs prof Van Aarde*** is wat ontevrede is met ons reëling soos wat hy ook in sy korrespondensie met ons aangedui het. Nogtans word gestel dat “die dosente” ontevrede is met ons hantering van die saak. Dit kan tog nie korrek wees nie. ***Ons beleef dit as 'n verdere aanduiding dat die Moderamen willens en wetens ons saak sonder grondige redes wil frustreer, verydel en dwarsboom.***

6. Weens die onbevoegdheid van die Moderamen om so besluit te neem, beskou ons egter die besluit as ***ultra vires*** en sal ons dus voortgaan met die opsiggesprek soos wat die Komm AKV ons opdrag gegee het en soos ons dit geskeduleer het vir 11 Augustus 2009. Ons hoop om tydens die gesprek die dosente te oortuig om ter wille van die eenheid en behoud van die Kerk hulle verklaring teug te trek.

7. Ons versoek u vriendelik om spoedeisend (indien moontlik binne sewe dae) aan ons u opinie oor die gemelde sake en advies oor verdere optrede te gee. *(Geen klagtes, geen langdurige stryd, geen partydigheid? Moet op prinse nie vertrou nie.....)*